Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Genesis 32:22-31 (1953)

22 En hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue
en sy twee slavinne en sy elf kinders geneem en deur
die drif van die Jabbok getrek:
23 hy het hulle geneem en hulle deur die rivier laat trek,
ook laat deurtrek wat aan hom behoort het.
24 Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met
hom geworstel tot dagbreek.
25 En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan
Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van
Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom.
26 Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek.
Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat
U my seën.
27 En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord:
Jakob.
28 Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie,
maar Israel; want jy het geworstel met God en met die
mense en het oorwin.
29 Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend!
En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En
Hy het hom daar geseën.
30 Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek
het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is
my lewe gered.
31 En die son het vir hom opgegaan net toe hy Pniël
verby was; en hy was mank aan sy heup.

Jakob en die Engel deur Rembrandt

Broodjies vir die Pad

Tradition means giving votes to the most obscure of all classes, our ancestors. It is the democracy of the dead. Tradition refuses to submit to the small and arrogant oligarchy of those who merely happen to be walking about. All democrats object to men being disqualified by the accident of birth; tradition objects to their being disqualified by the accident of death.

GK Chesterton

The Way It Is

There's a thread you follow. It goes among
things that change. But it doesn't change.
People wonder about what you are pursuing.
You have to explain about the thread.
But it is hard for others to see.
While you hold it you can't get lost.
Tragedies happen; people get hurt
or die; and you suffer and get old.
Nothing you do can stop time's unfolding.
You don't ever let go of the thread.

~ William Stafford ~

Roland Barthes 1971 "textual analysis" of the Genesis narrative of Jacob's night-time wrestling match initiated a series of similar post-structuralist examinations and a new insistence that biblical texts must be read on their own terms. He concludes: "...What most interests me in this famous passage is not the 'folkloric' model but the frictions, the breaks, the discontinuities of readability, the juxtaposition of narrative entities which manage to escape logical articulation...." "...The problem, at least as I raise it for myself, is in effect not to reduce the Text to a signified, what ever it may be (historical, economic, folkloric, or kergymatic), but to keep its signifying power open." (*The Postmodern God*, Graham Ward, ed. p. 94)

Die Jabbok Bybelstudiegroep in Kaapstad

Daar is destyds lank gewik en gewroeg oor 'n naam vir ons Bybelstudiegroep. Op die ou end was dit Jabbok.

Ons lees van die Jabbokrivier in Genesis 32:22. Dis 'n sytak van die Jordaan en die plek waar Jakob oornag het terwyl hy op reis was van Laban af terug na sy vaderland toe – waar Esau vir hom gewag het. Daar het hy tot dagbreek met 'n man gestoei. Die man het hom op die ou end teen die heup geslaan, maar Jakob het by hom aangedring dat hy hom moet seën voor hy hom sou laat gaan. Jakob het agtergekom dat die man God was. God het hom geseën en sy naam na Israel toe verander.

So hoekom die Bybelstudiegroep Jabbok noem?

- Dis 'n plek waar mens God ontmoet,
  waar mens soms met Hom worstel,
  waar Hy jou seën.
- As jy daar weggaan, is jy nie meer dieselfde mens as toe jy daar aangekom het nie.
- Die Jabbok is 'n rivier. Riviere is oor die algemeen plekke van rus en herlewing – waar mens jou dors kan les.

Christo Steyn

The Tree of Life

Terrence Malick's mad and magnificent film descends slowly, like some sort of prototypical spaceship: it's a cosmic-interior epic of vainglorious proportions, a rebuke to realism, a disavowal of irony and comedy, a meditation on memory, and a gasp of horror and awe at the mysterious inevitability of loving, and losing those we love.

Sean Penn has a central but minor role as Jack, a careworn 21st-century corporate executive who is now disenchanted with his life. At the moment of crisis, he is carried back to an ecstatically remembered 1950s boyhood in smalltown America. He remembers his relationship with his demanding, disciplinarian father, played by Brad Pitt, and the brother who died at the age of 19: the news is brought to his distraught mother (Jessica Chastain) via an official communication – the telegraph delivery boy thrusts it into her hands and walks quickly away – so he appears to have died on military service.

Jack realises that time, far from healing the wounds of loss, only makes them more painful. Along with the dream-lit tableaux from his childhood, he is vouchsafed extraordinary visions of geological time and the unknowable reaches of the universe, in comparison with which his loss is meaningless. And yet meaning has to be found if the pain is not to be unendurable. In a sense, the purpose of these gigantic visions is to anaesthetise the pain of being alive and not understanding.(The Guardian.co.za)And there are the baffling and bizarre symphonic passages of non-narrative spectacle, prehistoric jungles, arid deserts, galaxies and spiral shapes – Kubrickian landscapes of wonder. Weirdest of all is the engorged river in which a wounded dinosaur lies prostrate; another dinosaur comes along, plants its great foot on the other's neck and then moves heedlessly on. Is this the only message of the universe – pure survival? But then how is it we want something other than survival? What do we want to survive for? **And Malick appears, through sheer crazy excess, to bring his movie closer to the ultimate question: why does anything exist at all?**

Brood vir die Pad

Tot hier toe en nie verder nie

deur Wilhelm Jordaan

Suid-Afrika was jare lank 'n geknelde land, geboei in die kettings van apartheid. Toe het politieke vryheid vir almal gekom.

Nou woon ons opnuut in 'n geknelde land. Met 'n nuwe soort onvryheid – dié keer geboei in die kettings van geweld en ander soorte boosheid waaroor koerante daagliks verslag doen en waarin niemand gespaar word nie.

Dit is óns waarvan die skrywer Robert Lowell in sy weergawe van *Prometheus Bound* praat: "You will see that the River of Violence now runs across this land like a scar."

Ons het inderdaad 'n geskende land van skande op skande geword en saam met Bob Dylan wil 'n mens sy somber treurlied sing:
"How many times will a man turn his head and pretend that he just
does not see …
"How many deaths will it take 'till we know that too many people have died. The answer my friend is blowin' in the wind …"

Die "man" waarvan Dylan sing, is nie 'n abstraktheid nie. Dit is Jan en San Alleman wat begin by ons eerste burger, ons president; die minister van polisie; die polisiehoof en -mag; die ganse owerheid; alle ander politieke leiers …

En, ja, ook elke mens wat soms argeloos voortleef asof die allerwreedste dinge wat met weerlose babas, kinders, vroue, boere en ander burgers gebeur iets is wat jou net sal raak as dit met jou en jou geliefdes gebeur, of waaroor ons kan stry en vergelykende statistieke as rasionaliserings aanbied.

Dit is oplaas nie statistieke wat wreed sterf nie.

Dit is mense van Suid-Afrika; met gesinne en geliefdes wat met elke moord, aanranding, rooftog en kaping in murg en been getraumatiseer word.

Ons land ís in die moeilikheid en die "rivier van geweld" sleur mense mee in die stroomversnellings van 'n ingrypende vervreemding.

Ons samelewing het 'n normlose, onveilige plek geword waarin gedeelde vrees en kwelling 'n somber gemeenskapsgevoel vorm.

Tekenend daarvan is die vorm van ons vrese – vrees gevul met die skrikbeelde (Macbeth se *horrible imaginings*) dat jyself, jou familie en vriende die slagoffers van uiterste wreedheid kan word. Ons lewe sigbaar angsvallig; soos bang hasies in 'n woud wat brand.

Ons vermy reise en besoeke engenietings wat ons tevore sonder huiwering sou doen.

Jou huis word 'n barrikade waarin jy jouself en jou kinders toegrendel en afsluit van die wêreld.

Om gedwing te voel om so te lewe is ook 'n misdaad teen die mensheid; amper net so erg as geweld omdat dit stil soos 'n kanker die morele weefsel van die samelewing van binne af verteer.

Want uit so 'n somber gemeenskapsgevoel groei algaande 'n lewensvernietigende, wantrouige leefwyse – asof ons slegs die ergste van ons landgenote kan verwag.

Wantrouig leef het 'n prys – apatie as die afwesigheid van die begeerte om te gee; om menslike sorg te demonstreer.

Dán kom ons in die greep van die diepste betekenis van apatie; om "sonder gevoel te wees" soos die Latynse woord *apathia* beduie.

En só word ons land self 'n sterfgeval.

Daarom moet elkeen wat nog glo in die krag van 'n gemeenskapsgevoel teen dié prikkels van vervreemding rebelleer. En dit by elke moontlike geleentheid voor die deur van die owerheid, as die beskermheer van die volk, gaan lê.

Dit op sigself sal nie die misdadige geweld en boosheid besweer nie, maar die gesamentlike protes sal die waarmerk wees van 'n nasie wat in opstand is. En wat uitroep: "Tot hier toe en nie verder nie."

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877